# Besonderse konsert deur Potch-trio

**Potch-trio: Rektorkonsert**
**Konservatoriumsaal, Potchefstroom**
**Thys Odendaal**

Die Potch-trio is lank reeds een van die voorste en duursaamste kamerensembles in die land. En ondernemendste. Dit was 'n voorreg om die oorspronklike drietal weer in aksie te hoor – Piet Koornhof (viool), Human Coetzee (tjello) en Albie van Schalkwyk (klavier) – met Mozart, 'n Hofmeyr-première en Mendelssohn; dié keer in die jaarlikse Rektorkonsert.

Dié drie deurwinterde musici kén mekaar deeglik, as een van die langdurigste ensembles. In Mozart se K548-*Trio in C* was dié ingesteldheid duidelik in 'n stylvolle, -korrekte weergawe. Dít insoverre Mozart op hedendaagse instrumente altyd daardie tikkie swaarwigtigheid saamdra.

Die uitvoering van 'n nuwe werk is van besonderse belang, nou én later, en Hendrik Hofmeyr het lankal die kuns bemeester om sy komposionele "eie stem" ruimskoots vir 'n gehoor aan te bied.

In dié trio, aangevra deur die Noordwes-Universiteit, vind 'n mens sy vooropgestelde belang by die konstruksie van 'n werk, bewonderenswaardig in die *Klaviertrio* tot volkome sinrykheid geborduur.

Die vier dele begin met *Passacaglia*, wat die kern van die werk vestig; en ook die lirisme wat altyd Hofmeyr se musiek kenmerk. (Dalk die dankbare gevolg van sy lang verblyf in die land van opera, Italië?) Dit is 'n uitgebreide beweging met sterk tematiese inslag en meegaande variasies, asof doelbewus die basis waarop die ander drie nogal sterk kontrasterende dele gebou kan word.

Die tweede deel (*Tempo di Walzer*) is allermins 'n goedige beskouing van die driemaatslag. Hier ontbloot Hofmeyr sy "sardoniese" musiektaal, à la Sjostakowiaans in die (soms oordrewe geaksentueerde) walsritme verskans. Of liefs rou oopgevlek.

Dié resensent ontbreek geheel aan die vermoë om gewaarwordings te beskryf van Hofmeyr se derde deel, die *Adagio meditabondo*. Behalwe dat dit jou oorrompelend tot nadenke stem in die peinsende aard van die manjifiek gebalanseerde drie instrumente. In die melodiese eenvoud lê daar ontelbare skatte, maar soos 'n Richard Strauss word die tematiese met instrumentale kleur 'n ervaring na binne, 'n simfoniese taal ondanks die beskeie aard van die kamermusiekgenre.

Die "meedoënlose herhaling van die ritmiese patroon" in Hofmeyr se slotbeweging, paslik getitel *Monoritmo*, is nie die byna hamerende onwrikbaarheid van die vroeë Philip Glass, Steve Reich of Michael Nyman nie. Die grein is veel sagter. Aan opwinding ontbreek dit nie. Hofmeyr het vooraf die bou van die werk kortliks aan die gehoor verduidelik, en die terugkeer van die *Passacaglia* in die slot is fassinerend in die heersende enkelritme. Die effek is 'n byna dwarrelende warrelwind einde. Iets besonders.

In Mendelssohn *se Trio in d*, op. 49, ná pouse is na die veilige weë terug gekeer met Van Schalkwyk wat die soomlose klavierparty behendig behartig en as't ware die gang bepaal waarop die viool en tjello hul bydraes bou.

'n Knap uitvoering deur drie puik musici.

Beeld Plus

Woensdag 29 Oktober 2008